

FINANSIEEL GESPROKE

SEPTEMBER 2014

INHOUD

'N GEBEURTENISVOLLE JAAR
PIETER HUGO

AANDELEMARKTE VERDER OPGEDRYF
RIAN LE ROUX

STADIGE ROTASIE NOG AAN DIE GANG –
MAAR RISIKO'S IS VOLOP
PETER BROOKE

VERSTERKING VAN ONS MULTI-
BESTUURSVERMOËNS

VERANDERING VAN FOOIGRONDSLAG

OLD MUTUAL GLOBAL EQUITY FUND PALM
INTERNASIONALE TOEKENNING IN

'N GEBEURTENISVOLLE JAAR VIR OMUT

PIETER HUGO, BESTURENDE DIREKTEUR, OLD MUTUAL UNIT TRUSTS (OMUT)

Beleggers het weer eens 'n interessante jaar beleef. In verlede jaar se uitgawe van Finansiële Gespreke het ons gesels oor die stadige tempo van ekonomiese groei, wat oral kommer en onsekerheid by beleggers laat ontstaan het. Dit is nou al 'n geruime tyd die algemene tema, en bly aktueel.

Vanjaar het die plaaslike ekonomie in die eerste kwartaal ingekrimp en in die tweede kwartaal slegs met 0.6% gegroei.

Die groeivoorsigte vir die res van die jaar bly gedemp, te midde van lae sakevertroue. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het vanjaar se geraamde groeikoers vir Suid-Afrika van 2.3% na 1.7% verlaag. Insgelyks het die Wêreldbank aangekondig dat hy Suid-Afrika se ekonomiese groeivoorskatting vir 2014 tot 2% verlaag.

Sommige van die sleuteldryfvere vir die stadiger groeitempo in Suid-Afrika is die streng monetêre beleid, tesame met ernstige arbeidstakings en ontoereikende elektrisiteitsvoorsiening. Die onlangse sage van African Bank, kommer in die mark oor soortgelyke uitleners, en die verlaging van vier groot Suid-Afrikaanse banke se kredietgradering, het bygedra tot die markwarboel.

In hierdie uitgawe gee Rian le Roux, Hoofekonoom by Old Mutual Investment Group, 'n kort oorsig van die wêreld ekonomie, om u te help verstaan hoe die wêreldwye ekonomiese omgewing u beleggings beïnvloed.

ONS OPLOSSINGFONDSE SE MANDAAT VIR PRESTASIE:

Beleggers stel gewoonlik gediversifiseerde portefeuljes saam deur spesifieke bateklasfondse te gebruik, of so nie belê hulle in batetoewysingsfondse wat "alles-in-een" oplossings vir hul beleggingsbehoefes bied. Ons reeks batetoewysing-effektetrusts bied beleggers volledige beleggingsoplossings waar hulle

op die fondsbestuurder kan staatmaak vir beide bateklaskeuse en onderliggende aandeelkeuse in plaaslike en buitelandse beleggingsmarkte.

Dit is "oplossing"-fondse, wat beteken dat hulle ontwerp is om spesifieke opbrengsteikens te behaal, en sommige het ingeboude beskerming om aan spesifieke risikovereistes te voldoen. Met ander woorde, u laat die batetoewysing en aandeelkeuse in hul bekwame hande om die toepaslikste beleggingsuitkoms vir u beleggingsbehoefes te lewer. Die fondse is baie gewild by plaaslike en internasionale beleggers.

Ons oplossingfondse word bestuur deur Peter Brooke en sy span batetoewysingspesialiste van MacroSolutions in Old Mutual Investment Group. Hulle sien toe dat ons fondse met verloop van tyd aan die beste kombinasie van bateklasse blootgestel word, om te verseker dat hierdie fondse hul onderskeie beleggingsuitkomst oor die ooreengekome tydperke behaal.

Kyk gerus noukeurig na hierdie reeks oplossingfondse, wat deel uitmaak van ons Klassieke Beleggingsreeks. Lees Peter Brooke se artikel later in hierdie uitgawe, waarin hy hierdie fondse indringend bespreek en insigte gee oor hul huidige vooruitsigte en positionering.

DAAR WAS 'N PAAR INTERESSANTE ONTWIKKELINGE IN ONS BESIGHEID, WAARONDER DIE VOLGENDE:

Oorskakeling van prestasie-fooie na vaste fooie

By Old Mutual Unit Trusts kyk ons deurentyd na ons waarde-aanbod aan beide potensiële en bestaande kliënte. Dit sluit die evaluering in van die toepaslikheid van elke fonds se beleggingsmandaat en toegelate beleggingsfeer, asook die fooie wat ons kliënte in ons fondse betaal. 'n Belangrike element van hierdie proses is die terugvoer wat ons van u as ons kliënte ontvang, asook van die finansiële



adviseurs wat waardevolle adviesdienste aan u lewer.

Dit is vir ons baie belangrik om seker te maak dat ons steeds deurlopend goeie waarde aan ons kliënte bied, omdat ons net suksesvol kan wees indien u u verlangde beleggingsuitkomst verwesenlik. Ons wil ook seker maak dat ons mededingend bly in die mark. Ons het spesifiek gekyk na die fooie op ons multi-bateklasfondse met prestasiegekoppelde fooie wat aan prestasie bo hul inflasieverwante maatstawwe gekoppel is. Nadat al bogenoemde faktore in ag geneem is, het ons besluit om die prestasiegebaseerde fooie op hierdie fondse na vaste fooie te verander. Die beleggingsmandate en die prestasieteikens van hierdie fondse bly onveranderd, omdat ons hierdie mandate en teikens nog steeds as die toepaslikste beskou om u belegging in lyn te bring met die uitkomst wat die fondsbestuurders ten doel stel. Ons glo dat hierdie verandering die waarde vir ons kliënte aansienlik sal verbeter en ons fondse in staat sal stel om hul onderskeie beleggingsuitkomst die beste te verwesenlik. Lees gerus die artikel met meer volledige inligting hieroor later in hierdie uitgawe.

Versterking van ons multi-bestuursvermoëns

Verlede jaar het die beleggingspan wat ons multi-bestuurderfondse bestuur, sy vermoëns versterk met die samesmelting van SYm|metry Multi-Manager en Acsis se beleggingspanne, wat amper sy kapasiteit verdubbel het. Ons is baie opgewonde oor hierdie addisionele bronne en vermoëns, omdat hulle ons in staat stel om die bestuur van hierdie fondse te verbeter. Hierdie gekombineerde besigheid is herdoop tot Old Mutual Multi-Managers, en sal voortgaan om ons reeks multi-bestuurde fondse te bestuur.

Drie gesogte toekennings

Old Mutual Global Investors, wat Old Mutual Global Equity Fund en Old Mutual International Growth Fund bestuur, het drie gesogte toekennings ingepalm by die 2014 Investment Week Fund Manager of the Year Awards wat onlangs in Londen gehou is. Nadat hulle in tien toekenningskategorieë die kortlys gehaal het, is Old Mutual Global Investors as die "Global Group of the Year" aangewys en in die Wêreldaandele-kategorie met toekennings bekroon vir Old Mutual North American Equity Fund en Old Mutual Global Equity Fund. Hierdie toekennings gee erkenning aan die uitstekende beleggingsuitkomst wat

ons kliënte in hierdie fondse gekry het.

Hulle is ook bekroon by die 2014 Raging Bull Awards, wat vroeër vanjaar gehou is. Old Mutual Global Equity Fund, wat deur ons kollegas in die VK by Old Mutual Global Investors bestuur word, het twee welverdiende toekennings ontvang: die Raging Bull-toekening vir topprestasie deur 'n fonds in die kategorie Beste (Suid-Afrikaans gedomisilieerde) Wêreldaandele Algemene Fonds, asook 'n sertifikaat vir Beste (Suid-Afrikaans gedomisilieerde) Wêreldaandele Algemene Fonds op 'n risiko-aangepaste grondslag.

Hierdie toekennings getuig van die uitstekende vermoëns binne die Old Mutual-groep, beide plaaslik en internasionaal, wat ons ten bate van ons Suid-Afrikaanse beleggers kan aanwend. Vir my is hierdie toekennings ook besonder relevant, omdat die meeste beleggingsdeskundiges wêreldaandele as hul voorkeurbateklas vir die volgende paar jaar uitsonder.

Old Mutual Investors' Fund: 'n fantastiese fonds vir langtermyn-welvaartskepping

Ons streef om vir u opsies te gee wat u welvaart oor die lang termyn in reële terme kan laat groei. Ons aanbeveling is ook steeds dat u behoorlike finansiële advies inwin en 'n persoonlike beleggingsplan opstel om u unieke beleggingsdoelwitte te bereik. Pas dan hierdie plan toe deur in die fonds(e) te belê wat vir u verlangde beleggingsuitkomst die geskikste is, en hou daarby oor die lang termyn. Ons fondse en ons beleggingspesialiste is gereed om u te help om selfs die moeilike ekonomiese tye te trotseer – met sterk bestuur en diversifikasie namens u.

Ons oudste fonds, Old Mutual Investors' Fund, is 'n uitstekende voorbeeld van ons langtermyn-beleggingsfilosofie. Hierdie 48-jarige fonds het sedert sy ontstaan opbrengste van 8.7% bo inflasie gelewer, en dit is ook 'n topkwartiel-presteerder oor tydperke van een tot agt jaar tot einde Julie 2014.

By Old Mutual Unit Trusts bly ons u toegewyde beleggingsvennoot, met die strewende om vir u 'n reeks effektetrusts te gee waaruit u 'n nommerpas beleggingsportefeulje kan saamstel.

Dankie vir u volgehoue ondersteuning. Ek sien uit daarna om steeds in vennootskap met u u beleggingsreis aan te pak.

Pieter



AANDELEMARKTE VERDER OPGEDRYF DEUR TEKENS VAN **HERSTEL IN VS**

RIAN LE ROUX | HOOFEKONOOM, OLD MUTUAL INVESTMENT GROUP

Die styging in Amerikaanse aandele in Mei het vir die hele Junie voortgeduur en die S&P 500 Indeks het met nog 2% gestyg. Teen einde Julie was die Indeks 6% hoër as aan die einde van 2013 en 'n allemintige 180% hoër as die laagtepunte wat in Maart 2009 bereik is, toe die wêreldwye finansiële krisis 'n spits bereik het en paniek in die mark ontketen het.

Veral twee faktore het skynbaar bygedra tot die volgehoue styging in aandeelpryse oor die afgelopen maand. Die eerste was al hoe meer bewyse dat die Amerikaanse ekonomie in die tweede kwartaal van 2014 redelik stewig herstel het, na 'n skerp inkrimping in aktiwiteit in die vorige kwartaal. Die tweede faktor was die steeds betreklik tegemoetkomende verklaring deur die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) na die geskeduleerde monetêre beleidsvergadering.

OMMEKEER IN AMERIKAANSE GROEI IN TWEDE KWARTAAL

Inkomende Amerikaanse ekonomiese data het gedurende die maand oor die algemeen stewig vertoon, en vroeë markramings van BBP-groei vir die tweede kwartaal is ongeveer 3% geannualiseer. Dit is 'n omkering van die geannualiseerde daling van 2.9% in die eerste kwartaal. Dit het markoptimisme laat ontstaan dat die produksie-insinking gedurende die eerste drie maande van die jaar inderdaad 'n afwyking was, en nie die begin van 'n hernude afswaai in die Amerikaanse ekonomie nie.

Verder het indiensneming versnel, met gemiddeld 250 000 werkgeleenthede wat in April sowel as in Mei geskep is, teenoor maandelikse toevoegings van slegs 189 000 in die eerste kwartaal. Hierdie syfers dui nie net op 'n voortgesette herstel in die Amerikaanse arbeidsmark – 'n sleutelfokusgebied van Fed-beleid – nie, maar ook 'n volgehoue ekonomiese

herstel, terwyl verbruikersbesteding die ruggraat van die Amerikaanse ekonomie bly.

KALMTE HEERS OOR GROEI IN CHINA EN ONTLUIKENDE MARKTE

Nog goeie nuus aan die internasionale front was beter ekonomiese data uit China, asook verdere teikenbeleidsmaatreëls deur die Chinese owerheid om vir 'n sagte landing te sorg. Die Chinese premier het ook gemeld dat die groeiteiken van 7.5% vir 2014 nog heeltemal binne bereik is. Hierdie ontwikkelinge het markvrese besweer dat China volgens Chinese standaarde op 'n betreklik ernstige afswaai afstuur – 'n ontwikkeling wat uiters negatiewe gevolge vir die hele wêreld ekonomie sou hê.

Die laaste stukkies goeie nuus wêreldwyd was dat die lank verwagte verdere beleidsoprede deur die Europese Sentrale Bank uiteindelik gebeur het, in die vorm van 'n verlaging van rentekoerse en voorsiening van addisionele marklikiditeit. Dit was ook die sesde opeenvolgende maand van effens kalmer toestande in ontlukende markte. 'n Effens beter vooruitsig vir die wêreld ekonomie, groter sekerheid oor die Fed se benadering tot beleidsnormalisering, en interne aanpassings wat in sekere lande geïnisieer is, was die sleutelfaktore wat tot die kalmte bygedra het.

ONS SIENING VAN DIE WÊRELDEKONOMIE

Na ons mening sal die wêreldwye ekonomiese herstel op koers bly, al gebeur dit teen 'n baie stadige pas. Terwyl inflasie oor die algemeen laag is, reken ons die risiko is gering dat sentrale banke (behalwe in 'n paar ontlukende markte) noodgedwonge vinnig maatreëls wat groei ondersteun, sal verwyder. ■



STADIGE ROTASIE NOG AAN DIE GANG – **MAAR RISIKO'S IS VOLOP**


PETER BROOKE | HOOF VAN MACROSOLUTIONS

ONS HANDHAAF ONSE SIENING VAN BREË TEMAS, MET DIE WÊRELDEKONOMIE WAT GELEIDELIK HERSTEL, CHINA WAT IN 'N OORGANGSFASE IS EN SA WAT SWAARKRY.

Aan die tuisfront was die hoofteema vir die eerste helfte van 2014 'n stortvloed slegte binnelandse nuus: 'n verpletterende AMCU-geleide platinum-staking van vyf maande, wat vererger is deur die Numsa-staking kort op sy hakke; rentekoersverhogings deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB); stygende inflasie, en 'n afgradering deur die graderingsagentskap Standard & Poor's. Die kumulatiewe uitwerking was dat die SA ekonomie teruggehou is en ons verwag 'n langtermyn-groei koers van minder as 3.5%.

Teen hierdie troostelose agtergrond was baie mense verras dat die JSE nuwe hoogtepunte bereik het, maar ons ontleding toon dat minder as die helfte van al die JSE-maatskappye se inkomste uit verkope direk aan SA gekoppel is. Dit beteken dat die JSE meer aan die wêreld ekonomie blootgestel is en gedurende die afgelope jaar wesenlik baat gevind het by randswakheid.

DRIE-JAAR DEURLOPENDE KORRELASIE **SA Aandeel vs Wêreldaandeel**



Wat ons wel verbaas het, is dat die SA mark (+11.8%) wêreldmarkte (7.6%) in rand oortref het gedurende die tydperk, ondanks oorwaardasies.


Desondanks verkies ons nog steeds buitelandse bo SA aandeel op 'n risiko-aangepaste grondslag, met inagneming van die vooruitsig vir winste. Ons is agnosties oor die rand, met 'n redelik gelyke balans tussen die styg- en daalrisiko's.

Hoop vir effekte en gedempte koersverhogings


Die marksektor wat die meeste deur die slegte nuus geraak is, is SA effekte, wat 'n skamele 3.4% in die eerste ses maande van 2014 opgelewer het. Na hierdie onderprestasie het die waarde van effekte effens verbeter.

Eienaardig genoeg skep die slegte nuus die potensiaal vir 'n beter vooruitsig vir vaste inkomste oor die volgende jaar – inflasie het 'n spits bereik en sal daal, aangehelp deur laer voedselprijs, terwyl stadige groei onderliggende inflasiedruk behoort te beperk.

FTSE/JSE AANDEELHOUER-GEWEEGDE ALLE AANDELE-INDEKS (SWIX)
Verdeling van inkomste uit maatskappyverkope in jongste finansiële state



SKERP DALING IN GRAANPRYSE GEE korttermyn-inflasievooruitsig 'n hupstoot



Gevolgt sal die SARB-verhogingsiklus gedemp wees. Jaar tot jaar sal ons 'n verbetering in die lopende rekening sien namate die uitwerking van die stakings verdwyn en die balans in die ekonomie herstel word, en uitvoer verbeter en invoer inkrimp.

Ons verwag ook dat fiskale verskerpingsmaatreëls (hoër belasting) met die Begroting in Februarie 2015 aangekondig sal word, omdat die Tesourie die begrotingstekort moet afbestuur. Hierdie toestand is gunstiger vir effekte as vir maatskappye wat op plaaslike wins fokus.

Verbeterings in wêreldomgewing

Die wêreldomgewing is gekenmerk deur laer effekte-opbrengste, wat 'n soektog na opbrengste wêreldwyd aangevuur het. Hoewel dit ons oorgewig blootstelling aan ontluikende markte gebaat het, het dit wêreldeffekte in 'n kwesbare posisie geplaas vir beter Amerikaanse data. Ons het ons opbrengsverwagtings vir wêreldeffekte verlaag en bly ondergewig.

Ons verwag nog steeds 'n stadige rotasie van rentedraende na groeibates namate koerse oor die volgende paar jaar stabiliseer. Hierdie gunstige makro-ekonomiese omgewing behoort aandelewaardasies op hoër vlakke te laat bly. 'n Skielike styging in inflasie sou 'n groot risiko vir herstel wees, omdat dit die rotasie sal versnel en 'n ineenstorting sal veroorsaak.

Risiko's het toegeneem

Geopolitieke risiko's het ook gestyg maar behoort in toom gehou te word, tensy die olieprys ook daardeur geaffekteer word. Suid-Afrika het baat gevind by die krisis in Oekraïne,

as 'n toevlugsoord buite die Russiese markte. Sedert die inval in Februarie het Suid-Afrikaanse skuld- en aandelemarkte 'n gekombineerde invloei van R28.6 miljard ondervind. Dit was ondanks die afgradering deur Standard & Poor's. Ons siening is dat die afgradering bloot 'n geval was dat die graderingsagentskap op hoogte gekom het van die realiteit – vandaar die geringe reaksie. Nadat Moody's hul siening van SA in ooreenstemming gebring het, verwag ons nie 'n verdere afgradering nie.

Op langer termyn is dit uiters belangrik dat SA die Nasionale Ontwikkelingsplan deurvoer, omdat voortgesette ondergemiddelde ekonomiese groei 'n wesenlike risiko van populisme inhou. Nog 'n wolk op die horison is dat die geopolitieke risiko in Afrika aan die toeneem is en die Afrika-Renaissance effens glans laat verloor. Dit is nie goeie nuus nie, aangesien die res van Afrika reeds 9% van verkope op die JSE bydra en vinnig groei terwyl maatskappye na die vasteland stroom op soek na beter groeigeleenthede as wat hulle tuis kan kry.

Nie baie het regtig verander nie

Ons wêreldsiening is oor die algemeen onveranderd, met die gevolg dat ons 'n oorgewig posisie in wêreldaandele en 'n ondergewig posisie in wêreldeffekte en kontant het. Plaaslik het die omgewing vir aandele verswak, vergeleke met effekte, en ons het ons blootstelling dienooreenkomstig aangepas. Toestand ondersteun nog steeds groeibates, maar risiko's het toegeneem met die hoër waardasies. Dit regverdig 'n versigtiger benadering.

KERNPUNTE:

- RISIKOSYDIGE SENTIMENT ONDERSTEUN VERSKUIWING VAN RENTEDRAENDE NA GROEIBATES.
- VOORUITSIGTE VIR WÊRELDEFFEKTE VERSWAK, MAAR VERBETER VIR SA EFFEKTE.
- PLAASLIKE AANDELE RAAK DUUR; ONS VERKIES BUITELANDSE AANDELE.

LANGTERMYNVOORUITSIGTE VIR BATEKLASSE

	Reële op-brengs	Siening	Kommentaar
SA		Neutraal -	Randswakheid het voorgekom, maar is moontlik oordrewe
Aandele	5.5%	Neutraal -	Raak duurder, met stadiger groei
Eiendom	5.3%	Neutraal	Redelike opbrengs maar hoër risiko
Effekte	2.5%	Neutraal +	Al hoe aantrekliker soos SARB koerse verhoog
Kontant	0.5%	-	Onbestendigheid nodig om geleentheidswaarde te skep
Internasionaal*		Neutraal +	Behou diversifikasie vir risikobestuur
Aandele	5.5%	+	Beste risiko-aangepaste opbrengste
Effekte	-1.0%	-	Duur, met ernstige remsfaktore oor die lang termyn
Kontant	-1.0%	-	Kontant is nog steeds onaantreklik

LW: Dit is reële langtermyn-opbrengste wat oor die volgende vyf jaar verwag word, soos op 20 Julie 2014.

* Die verwagtings vir internasionale opbrengste hierbo is in Amerikaanse dollar. Enige randdepressiasie sal die opbrengste in rand verhoog.

HALFJAAR-EVALUERING:

Verwagte langtermyn-opbrengste vir bateklasse

Ons pas ons siening van bateklasse vir die medium termyn (vyf jaar) twee keer per jaar aan, of indien toestande beduidend verander.

SA ekonomie:

Tot dusver was 2014 'n slegte jaar vir die plaaslike ekonomie en ons verwag 'n geringe verbetering in 2015, hoofsaaklik omdat dit nie slegter kan gaan nie. Ons strukturele uitdaging bly hoe om die groeitendens te verhoog, wat te laag is.

Wêreld ekonomie:

Ons verwag dat die wêreld ekonomie geleidelik verder sal styg en, terwyl inflasie goed onder beheer is, dat internasionale koerse stadig sal toeneem.

SA aandele:

Die plaaslike mark is duur, maar kan op hierdie vlakke bly as gevolg van sy korrelasie met wêreldmarkte. Die winsomgewing het egter verswak en ons is versigtig.

SA genoteerde eiendom:

Die plaaslike eiendomsmark het 'n stadige 12 maande agter die rug. Goeie groei in uitkerings het gehelp om waardasies te verfris en ons is gemaklik met die relatiewe waardasie van hierdie bateklas.

SA effekte:

Ons het ons verwagte langtermyn reële opbrengskoers tot 2.5% verhoog en sal verdere koersverhogings as gunstig vir die effektemark beskou.

SA kontant:

Na die koersverhogings van altesaam 75 basispunte, verwag ons nou 'n geringe reële opbrengs op plaaslike kontant. Kontant is vir ons nog steeds onaantreklik oor die lang termyn, maar ons het as gevolg van die groter risiko ons besit verhoog.

Rand:

Ons is agnosties oor die rand, met 'n redelik gelyke balans tussen die styg- en daalrisiko's.

Internasionale aandele:

In 'n omgewing van lae opbrengste het internasionale aandele na ons mening nog steeds die beste potensiaal vir redelike inflasiewerende opbrengste en ons bly oorgewig in hierdie bateklas.

Internasionale effekte:

As gevolg van die onlangse terugskaking van internasionale effekte, het ons ons verwagte opbrengste tot 'n reële koers van -1% verlaag. Vermyn.

Internasionale kontant:

Met die waarskynlikheid van 'n stadige koersverhogingsiklus bly hierdie bateklas afgrysliek. ■

OLD MUTUAL MULTI-MANAGERS. NUWE NAAM. DIESELFDE TOEWYDING AAN UITNEMENDHEID



Met die samesmelting van die beleggingspanne van SYm|mETRY en Acsis in 'n enkele entiteit met die naam Old Mutual Multi-Managers, met Trevor Pascoe aan die hoof, het ons nou 'n sterker beleggingspan wat sal voortbou op 'n lang prestasieskiedenis van beleggingsukses.

Tydens die oorgangproses het ons bly fokus op ons verbintenis om diens van die hoogste gehalte aan ons kliënte te lewer, en steeds uitstekende beleggingsprestasie behaal. Ons beleggingsbesluite bly onafhanklik en ons span ervare beleggingsdeskundiges is trouens nóg sterker na die konsolidasie. Daarom kan ons nou selfs nog sterker op die bestuur van ons fondse, strategieë en gunstige uitkomst vir kliënte fokus.

BELANGRIKE VERBETERINGS AAN DIE OLD MUTUAL SYm|mETRY-FONDSE

In die verlede het SYm|mETRY-fondse onderliggende beleggingshuise toegelaat om batetoewysing te doen – dit sal voortaan deur ons eie beleggingspan gedoen word.

Dit is 'n proses wat al 'n geruime tyd met welslae deur die Acsis-span gebruik word, onder leiding van Andrew Salmon,

wat nou Hoof van Beleggings by Old Mutual Multi-Managers is. Om die batetoewysingsfunksie verder te versterk, is Dave Mohr as Hoofbeleggingstrateeg aangestel. Dave is 'n voormalige Hoofekonoom van Old Mutual en was tot onlangs 'n direkteur by Citadel.

Hoewel ons oor die afgelope 14 jaar uitstekende opbrengste aan SYm|mETRY-kliënte gelewer het, sal ons nou met die verbeterde proses selfs nog groter beheer hê om kliënte se verlangde uitkomst te verwesenlik.

Ons navorsing waarin die verskillende benaderings vergelyk is, toon dat die nuwe benadering beter daarin behoort te slaag om die reële opbrengste te lewer wat ons vir ons kliënte nastreef.

Om ons aanbod aan kliënte te versterk, sal ons ook een of twee fondsbestuursondernemings aanstel wat spesialiste in elke bateklas is: plaaslike aandele, plaaslike effekte, plaaslike eiendom, internasionale aandele, ens. Die besluit om minder of meer aan elke bestuurder toe te ken, sal by Old Mutual Multi-Managers berus.

Die meeste van die bates sal nog steeds bestuur word deur die bestaande fondsbestuursondernemings wat deur SYm|mETRY aangestel is (soos Investec, Coronation en Prudential). Dit sal nou net die spesialisspanne in daardie firmas wees.

KLIËNTE SAL NOG STEEDS DIESELFDE VOORDELE AS TEVORE KRY – EN NOG MEER!

Ons wil kliënte verseker dat hulle nog steeds diens van dieselfde peil en dieselfde fokus as voorheen sal kry, of selfs nog meer. Ons glo dat die fondse nog steeds die ideale beleggingsoplossings vir kliënte sal wees.

Redes hiervoor sluit in:

- **Ons maatstawwe is aan inflasie gekoppel.** Beleggers weet wat om oor 'n tydperk van die fondse te verwag, en hoe die fondse inpas by hul finansiële planne.

- **Ons kies fondsbestuurders op grond van deeglike navorsing, en monitor hulle dan noukeurig.** Ons het 'n onafhanklike span wat die mees geskikte fondsbestuurders vir die taak identifiseer, en hulle dan in 'n aanvullende portefeulje kombineer.
- **Aangesien ons grootte beteken ons kan kortings met bestuurders beding, bied ons aan kliënte die voordeel van kostedoeltreffendheid.** Dit beteken dat kliënte nie vir ons multi-bestuursdienste meer betaal as wat hulle vir enkelbestuurderfondse sou betaal nie.
- **Ons fondse bied belastingdoeltreffendheid.** Indien ons veranderings ten opsigte van bestuurders aanbring of ons portefeuljes herbalanseer, het dit nie kapitaalwinsbelasting-implikasies nie.
- **Ons portefeuljes is goed gediversifiseer** oor sekuriteite, bateklasse en fondsbestuurders.
- **Ons alles-in-een oplossings fokus op kliënte.** In plaas van om eenvoudig maatstawwe of portuurgroepe te probeer oortref, is ons fondse spesifiek daarop gemik om kliënte te help om hul beleggingsdoelwitte te bereik.

ONS SIEN UIT NA 'N OPWINDENDE TOEKOMS

Ons is baie opgewonde oor die vooruitsigte wat 'n groter span bring. Ons gekombineerde span het toegang tot wêreldklas stelsels, data en tegnologie om bestuurders te kies en te monitor, en portefeuljes te bestuur. 'n Groter span beteken ook ons kan selfs nog meer tyd gebruik om die beste fondsbestuurders in Suid-Afrika en in die wêreld te identifiseer.

Ons is vol vertroue dat bestaande SYm|metry-kliënte steeds sal baat vind by ons kundigheid om bestuurders te kies, terwyl die toevoegings tot ons span en verbeterings aan ons beleggingsproses die vermoë sal verbeter om hul beleggingsdoelwitte te verwesenlik. ■

OLD MUTUAL MULTI-MANAGERS



OLDMUTUAL





VERANDERING IN FOOIGRONDSLAG

By Old Mutual Unit Trusts is ons deurentyd besig om ons waarde-aanbod aan beide potensiële en bestaande kliënte te evalueer en te verbeter. Dit is vir ons baie belangrik om seker te maak dat ons steeds goeie waarde vir ons kliënte bied. Daarom het ons die fooigrondslag van ons multi-bateklasfondse hersien. Soos u waarskynlik weet, vra hierdie fondse gewoonlik prestasieverwante fooie vir prestasie in vergelyking met 'n VPI- of kontantgekoppelde maatstaf. Om onbestendigheid van fooie te verminder en u groter sekerheid oor die vlak van fondsfooie te gee, het ons besluit om na 'n vastefooi-grondslag te verander. Hierdie fooiveranderings sal die volgende fondse raak:

- Old Mutual Balanced Fund
- Old Mutual Stable Growth Fund
- Old Mutual Flexible Fund
- Old Mutual Capital Builder Fund
- Old Mutual Dynamic Floor Fund

Dit is vir ons ook belangrik om seker te maak dat ons fooie mededingend bly en ons kliënte in staat te stel om steeds by mededingende beleggingsopbrengste baat te vind. Ons wil graag beklemtoon dat ons baie gemaklik is dat die maatstawwe van hierdie fondse toepaslik bly en kliënte se uitkomst en ons fondsbestuurders se doelwitte in lyn bring.

EFFEKTIEWE DATUM

Die fooiveranderings sal vanaf 1 Januarie 2015 geld. Hierdie datum maak voorsiening vir 'n kennisgewingtydperk van drie maande vir fooiveranderings aan effektetrustrondse.

Aangesien ons nuwe fooibasis tans laer fooie op al hierdie fondse tot gevolg het, is die laer fooie op 15 Augustus 2014 ingestel.

Ons vra dus die laagste van die nuwe vaste fooi en die bestaande prestasieverwante fooi op al hierdie fondse vanaf 15 Augustus 2014 tot 1 Januarie 2015 (wanneer die kennisgewingtydperk eindig) om seker te maak dat u onmiddellik die voordeel van laer fooie kry maar nie benadeel word indien die ou grondslag gedurende hierdie tydperk 'n laer fooi sou beteken nie. Vanaf 1 Januarie sal slegs die nuwe fooigrondslag geld.

VOORDELE VAN HIERDIE VERANDERING

Ons glo dat hierdie nuwe fooigrondslag u meer sekerheid oor beleggings in ons fondse sal gee. U sal ook onmiddellik bevoordeel word op u bestaande en nuwe bates, omdat die nuwe fooigrondslag aansienlik laer is as die fooie wat u tans betaal. Dit sal uiteindelik ook hoër netto beleggingsprestasie tot gevolg hê.

Die nuwe fooie is te sien by www.omut.co.za ■

OLD MUTUAL GLOBAL EQUITY FUND WEN INTERNASIONALE TOEKENNING

GLOBALE GROEP VAN DIE JAAR | OLD MUTUAL GLOBAL INVESTORS

Old Mutual Global Investors het drie gesogte toekennings ingepalm by die 2014 Investment Week Fund Manager of the Year Awards wat in Julie in Londen gehou is. Hierdie toekennings word al die afgelope 19 jaar aangebied en is die mees gesogte toekennings in die beleggingsbestuursbedryf in die VK.

1. Investment Week Fund Manager of the Year 2014: Global Group of the Year – toegeken aan Old Mutual Global Investors
2. Investment Week Fund Manager of the Year 2014: Best Global Equity and Income Fund – toegeken aan Old Mutual Global Equity Fund
3. Investment Week Fund Manager of the Year 2014: Best North American Fund – toegeken aan Old Mutual North American Equity Fund

Hierbenewens het Ian Heslop en sy span tien bedryfstoekeennings tot dusver in 2014 ontvang, waaronder die volgende:

- **Old Mutual Global Equity Absolute Return Fund** het die toekenning vir die Beste Absolute Opbrengsfonds in die

kategorie Aandele-Absolute Opbrengs ontvang by die Expansion and Allfunds Awards wat in Madrid gehou is.

- **Old Mutual Global Equity Fund is by die Lipper Fund Awards 2014 aangewys as die Beste Fonds oor drie- en vyfjaartydperke in die kategorie Aandele-Wêreldwyd, en het by die Money Observer Awards 2014 die toekenning ontvang vir die Beste Kleiner Internasionale Groeifonds. Die fonds is vir Suid-Afrikaanse beleggers beskikbaar en gee hulle blootstelling aan internasionale aandele.**
- **Old Mutual Japanese Equity Fund** het by die Money Observer Awards 2014 die toekenning ontvang vir die Beste Kleiner Japannese Aandelefonds.
- **Old Mutual North American Equity Fund** het by die Morningstar UK Fund Awards 2014 die toekenning ontvang vir die Beste VS Aandelefonds en by die Money Observer Awards 2014 die toekenning vir die Beste Groter Noord-Amerikaanse Fonds. ■

HOU ONS OP HOOGTE... DIS MAKLIK

U KAN DIT OP VERSKEIE MANIERE DOEN:

Indien u u staat elektronies ontvang, kies die "Your Details"-skakel om u kontakbesonderhede en inkomstebelasting-verwysingsnommer by te werk.

Via ons beveiligde webtuiste: **www.omut.co.za**. Indien u geregistreer is vir veilige toegang, kan u u kontakbesonderhede, inkomstebelasting-verwysingsnommer en bankbesonderhede bywerk.

U kan al u besonderhede bywerk deur 'n e-pos te stuur na **unitrusts@oldmutual.com**, of u kan ons Kliëntedienssentrum skakel by **0860 234 234** of **(021) 503 1770**.

Via ons webtuiste: **www.omut.co.za**. U kan ons vorm vir die bywerking van kliëntbesonderhede Old Mutual Effektetrusts Bywerking van Kliëntbesonderhede aflaai en invul, en saam met u stawende dokumente stuur na **utransactions@oldmutual.com** of faks na **(021) 509 7100**.

As u persoonlike interaksie verkies, kan u enige tyd u naaste Old Mutual-tak besoek. Alle detailveranderings en -transaksies sal per e-pos of SMS bevestig word om ekstra gemoedsrus te verseker. ■

Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Die waarde van u belegging kan oor die korter termyn in ooreenstemming met markbewegings styg en daal. Wisselkoersbewegings kan die waarde van onderliggende internasionale beleggings laat styg of daal. Effektetrusts kan sekuriteite leen en uitleen. 'n Fonds se Totale Onkoste-verhouding (TOV) weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n riglyn vir toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum adviseursfooie is by Old Mutual Unit Trust Managers (RF) (Pty) Limited verkrygbaar. U kan u belegging verkoop teen die heersende prys van die dag (om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI@40 Tracker Fund, Old Mutual Top 40 Fund en SYM|mETRY Equity Fund of Funds). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daagliks om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemingsbelange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Hierdie portefeuljes bevat verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende fooie en koste onderhevig is. Die portefeuljeprestasie word op 'n NBW-NBW-grondslag bereken en neem nie aanvangsfooie in ag nie. Inkomste word op die ex dividend-datum herbelê. Werklike beleggingsprestasie sal verskil, gebaseer op die aanvangsfooie wat van toepassing is, die werklike beleggingsdatum en die datum waarop inkomste herbelê word. Vorige prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Old Mutual Suid-Afrika is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA).

HOW MUCH IS ENOUGH

TO TAKE THAT HOLIDAY & STILL GROW YOUR INVESTMENTS?



1001580718 / FCB/E

How much is enough? An age-old question that needs a new answer. Old Mutual Wealth has it and it's called Integrated Wealth Planning. It's a wealth map that puts you and your goals at its core, helping you plan how much is enough for you – for now, for your life and for your legacy. Contact your Financial Adviser about your Old Mutual Wealth Integrated Wealth Plan.

Call 0860 WEALTH (932584) or go to www.howmuchisenough.co.za

ADVICE | INVESTMENTS | WEALTH

DO GREAT THINGS



OLDMUTUAL
WEALTH

Old Mutual Wealth is brought to you through several Licenced Financial Services Providers in the Old Mutual Group who make up the elite service offering